10600382501
U.O.V.S.
Bloemfontein
BIBLIOTEEK

SUBSTITUSIEREAKSIES VAN VIERKANTIG-PLANÊRE KOMPLEKSE VAN RODIUM (I)

Verhandeling aangebied ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER SCIENTIAE

in die

DEPARTEMENT CHEMIE
FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
BLOEMFONTEIN

deur

HERMAN MEYER

Studieleier: Prof. J.G. Leipoldt.

DESEMBER 1979.

U.O.V.S. - BIBLIOTEEK
1986003825012200000019

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

27-6-1980

T 546.63459 MEY
BIBLIOTEEK

NDER
UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

DANKBETUIGINGS

Die skrywer wens hiermee sy opregte dank en waardering uit te spreek teenoor:

Prof. J.G. Leipoldt, wat as studieleier opgetree het, vir sy belangstelling, waardevolle hulp, opbouende kritiek en uitstekende leiding tydens die ondersoek.

Dr. S.S. Basson, mnre. A.J. van Wyk en C.R. Dennis vir hul belangstelling en hulp.

Die W.N.N.R. vir finansiële steun.

Marita vir die bekwame en akkurate tikwerk.

Die hoofde en personeel van die Departement Chemie vir hul belangstelling.

Sy ouers vir hul opregte belangstelling, hulp en opoffering. Hierdie verhandeling word dan ook aan hulle opgedra as 'n geringe blyk van waardering.

---oooOooo---

INHOUDSOPGAWE

ITEMNOMMER	ITEM	BLADSY
HOOFSTUK 1		
1.1	Inleiding en doel van ondersoek	1
1.2	Reaksiekinetika	4
1.2.1	Inleiding	4
1.2.2	Die tempo van 'n reaksie	6
1.2.3	Die orde van 'n reaksie	7
1.2.4	Pseudo-orde kondisies en pseudo-orde reaksietempokonstantes	9
1.2.5	Termodinamiese funksies in reaksiekinetika	11
1.2.6	Metode vir die waarneming en bepaling van die reaksietempo	13
1.3	Kristallografiese studiemetodes	17
1.3.1	Inleiding	17
1.3.2	Fouriersintese	19
1.3.3	Pattersonsintese	20
1.3.4	Mate van korrektheid van struktuur ...	21
1.3.5	Vergelyking vir die berekening van die hoek tussen twee vlakke	22
1.4	Afkortings	23

---oOo---

HOOFSTUK 2	VIERKANTIG-PLANÊRE SUBSTITUSIEREAKSIES	
2.1	Inleiding	24
2.2	Tempovergelyking vir vierkantig-planêre substitusiereaksies	29

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

ITEMNOMMER	ITEM	BLADSY
2.3	Effek van ligande in die kompleks op die reaksietempo	32
2.3.1	Transeffek	32
2.3.1.1	Polarisasieteorie	32
2.3.1.2	σ - transeffek	33
2.3.1.3	π - transeffek	34
2.3.2	Steriese effekte	35
HOOFSTUK 3	DIE BEREIDING VAN RODIUM(I)-KOMPLEKSE	
3.1	Inleiding	37
3.2	Die bereiding van $[Rh(TROP)(CO)_2]$ en $[Rh(DBM)(CO)_2]$	38
3.3	Die bereiding van $[Rh(Oxq)(CO)_2]$	39
3.4	Die bereiding van $[Rh(TROP)(CO)(AsPh_3)]$	40
	---oOo---	
HOOFSTUK 4	DIE KINETIKA VAN DIE REAKSIES VAN $AsPh_3$ MET $[Rh(TROP)(CO)_2]$, $[Rh(Oxq)(CO)_2]$ EN $[Rh(DBM)(CO)_2]$	
4.1	Eksperimenteel	41
4.2	Resultate en bespreking	42
	---oOo---	

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

ITEMNOMMER	ITEM	BLADSY
HOOFSTUK 5	SUBSTITUSIEREAKSIES VAN TROPOLONATO-KARBONIELTRIFENIELARSIENRODIUM(I) MET TTA IN BENSEENMEDIUM	
5.1	Eksperimenteel	60
5.2	Resultate en bespreking	61
	---oOo---	
HOOFSTUK 6	DIE KRISTALSTRUKTUUR VAN TROPOLONATO-KARBONIELTRIFENIELFOSFIENRODIUM(I)	
6.1	Eksperimenteel	69
6.2	Resultate en bespreking	74
	---oOo---	
HOOFSTUK 7	BESPREKING	91
	OPSOMMING	95
	VERWYSINGS	98
	---oooOooo---	

HOOFSTUK 1

1.1 INLEIDING EN DOEL VAN ONDERSOEK

Die snelheid van die substitusiereaksies is afhanklik van onder andere die effek van die oplosmiddel, die inkomende ligand, die vertrekkende ligand, die ligand cis ten opsigte van die vertrekkende ligand en die ligand trans ten opsigte van die vertrekkende ligand.[1] Van al hierdie effekte is die effek van die ligand trans ten opsigte van die vertrekkende ligand een van die belangrikste. Die transeffek speel ook 'n belangrike rol in die bepaling van die spesifieke isomeer wat tydens substitusiereaksies gevorm word.

Dit is goed bekend dat die karbonielligande in komplekse van die tipe $[Rh(AA)(CO)_2]$ (waar AA = bidentale ligande soos β-diketone, tropoloon en 8-hidroksikinolien) gedeeltelik verplaas word deur ligande soos trifenielarsien en trifenielfosfien.[2] Die reaksies kan deur die volgende vergelyking voorgestel word:

$$[Rh(AA)(CO)_2] + PPh_3 \longrightarrow [Rh(AA)(CO)(PPh_3)] + CO$$

In die gevalle waar AA 'n simmetriese bidentale ligand is, soos byvoorbeeld asetielasetoon, is die twee karbonielgroepe in $[Rh(AA)(CO)_2]$ chemies ekwivalent en is slegs een isomeer moontlik tydens bogenoemde reaksie. In die gevalle waar AA 'n nie-simmetriese ligand is soos byvoorbeeld tenoïeltrifluoroasetielasetoon is die twee karbonielgroepe egter nie chemies ekwivalent nie en kan twee isomere tydens bogenoemde reaksie gevorm word. Om te kan voorspel watter spesifieke isomeer

tydens die reaksie gevorm word, is 'n kennis van die relatiewe reaktiwiteit van die twee karbonielgroepe nodig en dus 'n kennis van die relatiewe transeffek van die twee atome van die bidentale ligand wat aan die sentrale metaalatoom gebind is. Hierdie relatiewe transeffek sal onder andere bepaal word deur die substituente van die bidentale ligand.

Uit vorige werk wat gedoen is,[3] is dit duidelik dat hierdie reaksies nie die normale tweeterm tempowet volg nie.

Die doel van hierdie ondersoek is om meer te wete te kom omtrent die substitusiereaksies van vierkantig - planêre komplekse van die tipe $[Rh(AA)(CO)_2]$. Daar is in hierdie stadium nog baie min bekend omtrent die substitusiereaksies van hierdie tipe komplekse.

In hierdie ondersoek sal ook klem gelê word op die effek van die substituente van die β-diketone op die relatiewe transeffek van die suurstofatome van die β-diketone. Die bepaling van die relatiewe reaksiesnelhede van hierdie tipe substitusiereaksies en die struktuurbepalings van die uitgangstowwe en van die produkte sal van groot belang wees in die studie van die effek van verskillende substituente van die β-diketoon op die relatiewe transeffek van die twee suurstofatome van die betrokke β-diketoon. Omdat β-diketone so 'n veelsydige reagens as komplekseermiddel is, sal so 'n studie ook waardevolle chemiese inligting omtrent die effek van substituente op die gedrag en aard van β-diketone as komplekseermiddel verskaf.[4]

Om hierdie ondersoek te doen is die struktuur van die produkte, $[Rh(AA)(CO)(PPh_3)]$ of $[Rh(AA)(CO)(AsPh_3)]$ en veral die relatiewe transeffek van die verskillende ligande in hierdie verbindings ook van groot belang.

---oooOooo---

1.2 REAKSIEKINETIKA

1.2.1 Inleiding

Die tempo van chemiese prosesse en die faktore wat die tempo beïnvloed is al vir baie jare bestudeer, meestal met die doel om reaksiemeganismes te bepaal. Die eerste werklike kinetiese metings was gedoen deur Wilhelmy [5] in 1850 wat die snelheid van die inversie van sukrose bepaal het.

Kinetika het in die algemeen belang by die inligting van die proses waardeur 'n sisteem van die een toestand na die ander toestand oorgaan in 'n sekere tydsverloop. Die tempo van 'n reaksie kan slegs deur middel van kinetika bepaal word. Aangesien termodinamika net van toepassing is op die uitgangstowwe en die produkte van die reaksie en geen verband met die reaksieproses self het nie, kan 'n reaksiemeganisme nie net op grond van termodinamika verklaar word nie.[6]

Die belangrikste kenmerk van reaksiekinetika is dat dit die enigste metode is waarvolgens die meganisme van 'n chemiese reaksie bepaal kan word, daarom vorm dit 'n belangrike deel van die meeste afdelings van chemie soos byvoorbeeld anorganiese chemie, organiese chemie en analitiese chemie. By 'n meganisme word bedoel die individuele botsings en ander elementêre prosesse wat atome, radikale, ione en molekule insluit en wat gelyktydig of opeenvolgend plaasvind om die totale reaksie te gee. Die voorgestelde meganisme is in wese 'n teorie wat voorgestel word om die eksperimentele gegewens te verklaar. 'n Reaksiemeganisme kan slegs as 'n tentatiewe

verklaring vir die gegewens omtrent die reaksietempo beskou word. Dit is dus duidelik dat op hoe meer eksperimentele gegewens 'n sekere meganistiese voorstelling gebaseer is, hoe meer waarde kan aan die voorstelling geheg word.

Die geldigheid van 'n reaksiemeganisme kan bepaal word deur 'n studie van die produkte, die tipe bindingbreking wat plaasvind in die tempobepalende stap en deur 'n beskouing van die relatiewe reaksietempo's van soortgelyke spesies.

Dit blyk dus dat die doel van chemiese kinetika is om die tempo van enige reaksie onder 'n gegewe stel kondisies te bepaal met behulp van fisiese en of chemiese eienskappe van die reagerende molekule en om dan die verloop van die reaksie te verklaar.

Die resultate van reaksiekinetika kan ook van onmiddellike belang wees. Kondisies kan byvoorbeeld bepaal word waarvolgens 'n sekere reaksie vinnig verloop met 'n goeie opbrengs. Dit kan dus ook van groot belang wees by analitiese chemie. Daar kan ook byvoorbeeld bepaal word wat die kondisies moet wees om 'n onwelkome newe-reaksie te vertraag.

---oooOooo---

1.2.2 Die tempo van 'n reaksie

Die tempo van 'n chemiese reaksie kan gedefinieer word as die verandering in konsentrasie van een van die uitgangstowwe met die verloop van tyd. Dit kan geskryf word as[7)]

$$\text{Tempo} = -\frac{d}{dt}\,[\text{Reaktant}] = \frac{d}{dt}\,[\text{Produk}] \quad \ldots\ldots\ldots \quad 1.1$$

Volgens die wet van massawerking van Guldberg en Waage [8)] is die tempo van 'n chemiese reaksie eweredig aan die effektiewe molekulêre konsentrasie van die uitganstowwe. Hieruit volg dat vir die reaksie

$$aA + bB \xrightarrow{k} cC + dD \quad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 1.2$$

die reaksietempo gegee word deur

$$\frac{-d[A]}{dt} = k\,C_A^a\,C_B^b \quad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 1.3$$

k is die reaksietempokonstante en C_A en C_B die aanvangskonsentrasies van die reagerende stowwe.

---oooOooo---

1.2.3 Die orde van 'n reaksie

Die orde van 'n reaksie gee die manier waarvolgens die reaksietempo met die verandering in konsentrasie van die reagerende stowwe varieer. Die orde kan nul, een, twee of meer wees.[9)]

Indien die tempo van 'n reaksie onafhanklik is van die konsentrasie van die reaktant, is die reaksie nulde-orde. Die reaksietempo kan dus geskryf word as

$$\frac{-d[A]}{dt} = k \qquad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 1.4$$

By eerste-orde reaksies neem die tempo van 'n reaksie af soos die konsentrasie van een van die uitganstowwe afneem. Dit beteken dat die tempo afhanklik is van die konsentrasie van die betrokke komponent en die reaksietempo kan geskryf word as

$$\frac{-d[A]}{dt} = k[A] \qquad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 1.5$$

Vir 'n eerste-orde reaksie geld die vergelyking

$$k = \frac{2,303}{t} \log_{10} \frac{C_o}{C} \qquad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 1.6$$

Waar C_o = die aanvangskonsentrasie en

C = die konsentrasie by tyd t.

Volgens hierdie vergelyking moet 'n lineêre verband verkry word tussen log (konsentrasie) en tyd indien die reaksie 'n eerste-orde reaksie is. Die reaksietempokonstantes kan dan vanaf die helling van die grafiek van log (konsentrasie) teen tyd verkry word. Om met behulp van die metode te toets of 'n reaksie eerste-orde is moet ten minste 75% omsetting van die reaksieverloop beskou word.

In die algemeen kan die tempovergelyking gegee word deur

$$\frac{-d[A]}{dt} = k\,[A_1]^{n_1}\,[A_2]^{n_2}\,[A_3]^{n_3}$$

waar die orde van die reaksie as 'n geheel (n) gegee word deur die algebraïese som van die onderskeie ordes van die komponente, $n = n_1 + n_2 + n_3 + \ldots\ldots$. Indien 'n reaksie in meer as een stap plaasvind sal die stadige tempobepalende stap die orde bepaal.

---oooOooo---

1.2.4 Pseudo-orde kondisies en pseudo-orde reaksietempokonstantes

Enige tempovergelyking wat nie die effek van al die spesies wat aan die reaksie deelneem in ag neem nie, gee nie die werklike tempovergelyking nie, maar wel 'n pseudo-orde tempokonstante aan. Indien die eksperimentele kondisies sodanig is dat slegs een van die spesies se konsentrasie merkbaar gedurende die verloop van die reaksie verander, word die reaksie onder pseudo-orde kondisies uitgevoer. In die praktyk kan dit verkry word deur die konsentrasie van al die reagerende uitganstowwe in 'n oormaat in vergelyking met een reaktant te neem. Die konsentrasie van die reagense wat in 'n oormaat teenwoordig is, bly dus benaderd konstant gedurende die verloop van die reaksie. Bogenoemde uiteensetting kan met behulp van die volgende reaksie geïllustreer word:

$$A + B \longrightarrow \text{Produkte}$$

Die reaksietempo word gegee deur:

$$\text{Tempo} = k[A][B] \qquad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 1.7$$

Indien $[B] >> [A]$, sodat die konsentrasie van B as konstant beskou kan word, vereenvoudig vergelyking 1.7 na

$$\text{Tempo} = k'[A] \qquad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 1.8$$

dus na 'n pseudo-eerste-orde reaksie.

$$k' = k[B] \qquad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 1.9$$

Die tweede-orde tempokonstante (k) kan dus met behulp van vergelyking 1.9 bepaal word deur die pseudo-eerste-orde reaksietempokonstante (k') vir verskillende konsentrasies van B te bepaal.

In die praktyk word dit dikwels gevind dat pseudo-orde kondisies komplekse kinetiese prosesse vereenvoudig ten opsigte van die evaluering van die empiriese tempovergelyking.

---oooOooo---

1.2.5 Termodinamiese funksies in reaksiekinetika

Arrhenius[10] het in 1887 die volgende verband tussen die tempokonstante en die temperatuur voorgestel

$$\frac{d\ln k}{dT} = \frac{E_a}{RT^2} \quad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 1.10$$

In die vergelyking is k die reaksietempokonstante, T die absolute temperatuur, R die gaskonstante en E_a die aktiveringsenergie wat karakteristiek vir 'n gegewe reaksie is.

Indien vergelyking 1.10 geïntegreer word (met E_a konstant) word die volgende verkry:

$$\log_{10} k = \left(\frac{-E_a}{2{,}303R}\right)\frac{1}{T} + \log A \quad \ldots\ldots \quad 1.11$$

A is die frekwensiefaktor.

Uit vergelyking 1.11 blyk dit dat 'n grafiek van $\log_{10} k$ teenoor $\frac{1}{T}$ 'n reguit lyn behoort te wees met 'n helling van $-\frac{E_a}{2{,}303R}$.

Die aktiveringsenergie, E_a, kan dus vanaf die helling bereken word.

Uit die oorganstoestandteorie volg dat [11]

$$k = \frac{k_b T}{h} \cdot e^{\Delta S^{\neq}/R} \cdot e^{-\Delta H^{\neq}/RT} \quad \ldots\ldots\ldots \quad 1.12$$

waar k_b = Boltzmann se konstante
h = Planck se konstante
$\Delta S^{\neq}$ = Aktiveringsentropie
$\Delta H^{\neq}$ = Aktiveringsentalpie
k = Reaksietempokonstante
T = Absolute temperatuur
R = gaskonstante

Volgens vergelyking 1.12 is daar 'n lineêre verband tussen $\log \frac{k}{T}$ en $\frac{1}{T}$, sodat $\Delta H^{\neq}$ uit die helling, en $\Delta S^{\neq}$ uit die afsnit bereken word.

Vergelyking 1.12 kan ook in die vorm

$$\frac{\Delta S^{\neq}}{R} = \ln \left(\frac{k\ h}{k_b T} \right) + \frac{\Delta H^{\neq}}{RT} \quad \ldots\ldots\ldots\ldots \quad 1.13$$

geskryf word. Indien $\Delta H^{\neq}$ en k bekend is kan die aktiverings-entropie hiervolgens bereken word.

---oooOooo---

1.2.6 Metode vir die waarneming en bepaling van die reaksietempo

Die spektrofotometriese metode vir die bepaling van die reaksieverloop is gebruik in hierdie kinetiese studie. Metings van die optiese digtheid of absorpsie van die oplossing by 'n sekere golflengte is as 'n funksie van tyd gedoen.

Hierdie metode is een van die gerieflikste metodes vir die bepaling van die verandering in konsentrasie van die uitgangstowwe of produkte. Die metode is vinnig, die reaksie hoef nie gestop te word nie, klein vloeistofvolumes word benodig en die reaksie kan oor 'n wye konsentrasiegebied ondersoek word.

Een vereiste vir so 'n kinetiese studie is dat die Beer-Lambertwet[12] vir die absorpsie van 'n bepaalde reagens gehoorsaam moet word, naamlik

$$\text{absorpsie} = A = \log I_o/I = \varepsilon cl$$

waar I_o en I die intensiteite van die invallende en deurgelate lig onderskeidelik is, ε die uitdowingskoëffisiënt, l die padlengte van die absorpsiesel en c die konsentrasie van die betrokke uitganstof of produk is. Uit die verandering van die absorpsie as 'n funksie van tyd kan die reaksietempo of reaksietempokonstante dus bereken word.

In die geval van 'n eerste-orde reaksie geld die volgende vergelyking

$$k = \frac{2,303}{t} \log_{10} \frac{D_\infty - D_o}{D_\infty - D}$$

waar D_o die aanvangsabsorpsie, D_∞ die absorpsie by tyd oneindig en D die absorpsie by tyd t is.

Indien die waarde van D_∞ ongeveer nul is vereenvoudig die vergelyking na:

$$k = \frac{2,303}{t} \log_{10} \left(\frac{D_o}{D} \right)$$


In die geval van 'n eerste-orde reaksie is 'n grafiek van $\log \frac{D_o}{D}$ teen tyd dus lineêr en die reaksietempokonstante kan vanaf die helling bereken word.

Vir al die vinnige reaksies wat in hierdie ondersoek uitgevoer is, is 'n Durrum stop-vloeispektrofotometer (model D-110) gebruik. Die Durrum stop-vloeispektrofotometer ('n skematiese voorstelling van die apparaat word in figuur 1.1 gegee) kan gebruik word vir reaksies met 'n halfleeftyd van twee millisekondes tot twee minute. Die oplossings wat moet reageer word vinnig vanaf twee aparte silinders G en H onder 400 kPa druk, in die sel K gepers waar die reaksie plaasvind. Monochromatiese lig vanaf die monochromator word deur die oplossing in K gestuur en word op die ligstraalversterker P geprojekteer. Onmiddellik na menging word die reaksieverloop op die ossiloskoop S vasgelê. Die absorpsieverskil word dan as 'n spanningsverskil gemeet.

---oooOooo---

FIGUUR 1.1

VOORSTELLING VAN DIE DURRUM STOP-VLOEISPEKTROFOTOMETER



A Kragbron vir deuteriumlamp

B Ligbron

C Kragbron vir tungstenlamp

D Monochromator

E en F Spuite wat reserwe uitgangstowwe bevat

G en H Silinders waaruit reagerende oplossings gepers word

I Vloei-inisieerder

J Vermengingsel

K Waarnemingsel

L Uitlaatklep

M Stopsilinder

N Snellerskakelaar

O Kragbron vir ligstraalversterker

P Ligstraalversterker

S Ossiloskoop

a Klep

b Ligpad

c Vloeipad

d Elektriesepas

---oooOooo---

1.3 KRISTALLOGRAFIESE STUDIEMETODES

1.3.1 Inleiding

Die belangrikste doel van X-straalkristallografie is

(i) die bepaling van die kristalsimmetrie, en

(ii) die bepaling van die molekulêre struktuur vanaf die intensiteitsverspreiding.

Die volledige teoretiese aspekte van die verskillende metodes word in verskeie handboeke beskryf en slegs in kort oorsig van die metodes wat toegepas is, sal hier bespreek word. [13,14]

Die standaardmetode vir die bepaling van die kristalstruktuur is gevolg naamlik

(a) 'n driedimensionele Pattersonsintese,

(b) 'n driedimensionele Fouriersintese, en

(c) die kleinste kwadrate verfyning van die struktuur.

Die Patterson- en Fourierfunksies is bereken met behulp van die program FOURR terwyl die struktuur verfyn is met behulp van die verfyningsprogram CRYLSQ.

Die interatoomafstande en interatoomhoeke tesame met hul standaardafwyking is bereken met behulp van die program BONDLA.

Die beste vlakke (vergelyking gegee deur $ax + by + cz = d$) deur die onderskeie atome in die molekuul wat nagenoeg op 'n plat vlak geleë is, is bereken met behulp van die program LSQPL.

Die intensiteitsopnames is gedoen met behulp van 'n Philips enkelkristal X-straaldiffraktometer. 'n Univac (1100) rekenaar is gebruik vir al die berekeninge. Al die berekeninge is gedoen met behulp van die "X-ray 72" sisteem van programme.[15)]

---oooOooo---

1.3.2 Fouriersintese [16]

Die struktuurfaktor van die refleksie hkl word gegee deur

$$F_{hkl} = \sum_{J=1}^{N} f_j \, \text{eksp}\{2\pi i(hx_j + ky_j + lz_j)\} \quad \ldots\ldots \quad 1.14$$

waar gesommeer word oor al die atome in die eenheidsel met fraksionele koördinate x,y,z. Die struktuurfaktor F_{hkl} is dus die resultante amplitude van al die sekondêre golwe wat gediffrakteer word in die rigting van die refleksie hkl deur N atome in die eenheidsel.

F_{hkl} en dus die intensiteite ($I_{hkl} \propto F_{hkl}^2$) kan dus bereken word as die atoomposisies bekend is. In die praktyk word egter net die omgekeerde verlang, naamlik dat die atoomposisie bepaal moet word vanaf die intensiteite. Die elektrondigtheid kan beskou word as 'n periodiese funksie en dit is moontlik om met behulp van 'n driedimensionele Fourierreeks die volgende uitdrukking te verkry.

$$\rho(x,y,z) = \frac{1}{V}\sum_{-\infty}^{\infty}\sum\sum F_{hkl}\,\text{eksp}\{-2\pi i(hx + ky + lz)\} \quad \ldots\ldots\ldots \quad 1.15$$

'n Atoomposisie word aangedui deur 'n maksimum in hierdie driedimensionele funksie. Volgens hierdie uitdrukking is dit duidelik dat die elektrondigtheid slegs bereken kan word indien die amplitude en fase van al die struktuurfaktore bekend is. Slegs die absolute waarde van die struktuurfaktor is egter eksperimenteel bepaalbaar, ($F_{hkl} \propto I^{\frac{1}{2}}$). In die geval van 'n sentrosimmetriese struktuur beteken dit dat die teken (+ of -) van F_{hkl} onbekend is, sodat vergelyking 1.15 nie direk gebruik kan word nie. Dit is bekend as die fasè-probleem in kristallografie.

---oooOooo---

1.3.3 Pattersonsintese[17)]

Om die fase-probleem te oorkom het Patterson die vierkante van die struktuur amplitudes $|F|^2$ gebruik as Fourierkoëffisiënte. Die volgende vergelyking kan deur gebruikmaking van die elektrondigtheidsfunksie, vergelyking 1.16, herlei word:

$$P(u,v,w) = \frac{1}{V}\Sigma\Sigma\Sigma|F_{hkl}|^2 \text{eksp}[2\pi i(hu+kv+lw)] \quad \ldots\ldots\ldots 1.16$$

(u,v,w) is die fraksionele koördinate van 'n punt in die Patterson-eenheidsel. Deur gebruikmaking van die gemete intensiteite kan 'n driedimensionele Pattersonfunksie dus bereken word. Die Pattersonfunksie (vergelyking 1.16) gee nie atoomposisies soos die elektrondigtheidsfunksie (vergelyking 1.15) nie, maar wel interatoomvektore.

Daar sal dus N^2 pieke (waar N = die aantal atome in die eenheidsel) op die Pattersonkaart voorkom, waarvan N op die oorsprong sal val. Dit is dus duidelik dat die interpretasie van die Pattersonkaart baie moeilik is. Indien daar egter 'n swaaratoom in die molekuul is (piekhoogte is naastenby eweredig aan die produk van die atoomgetalle), kan sy koördinate egter redelik maklik vanaf die Pattersonkaart bepaal word. Vanaf die koördinate van die swaaratoom kan benaderde fasehoeke (tekens + of -, in die geval van 'n sentrosimmetriese struktuur) van F_{hkl} met vergelyking 1.14 bereken word. Hierdie benaderde fasehoeke van F_{hkl} tesame met die eksperimentele waardes van F_{hkl} kan dan gebruik word om 'n driedimensionele elektrondigtheidskaart met behulp van vergelyking 1.15 te bereken. Die koördinate van die ligter atome kan dan vanaf die elektrondigtheidskaart bepaal word.

1.3.4 Mate van korrektheid van struktuur[18)]

Die koördinate wat vanaf die Fouriersintese verkry word, kan met behulp van die kleinste kwadrate metode verfyn word. Hierdeur word ook die standaardafwyking van die koördinate verkry. Wanneer F_c goed ooreenstem met F_o (vir alle refleksies) kan aangeneem word dat die struktuur korrek is. Hierdie ooreenkoms word in terme van die residu-faktor R uitgedruk,

$$R = \frac{\Sigma||F_o| - |F_c||}{\Sigma|F_o|}$$

waar F_o die waargenome struktuurfaktor en F_c die berekende struktuurfaktor is. Die waarde van R moet relatief laag wees as die struktuur korrek is en word die betroubaarheidsfaktor genoem wat gewoonlik as 'n persentasie uitgedruk word. 'n Lae R waarde is nie al faktor wat bepaal hoe akkuraat die atoomkoördinate is nie, maar die aantal refleksies gemeet speel ook 'n rol. Daarom is dit noodsaaklik om 'n groot aantal refleksies te gebruik vir die struktuurbepaling.

---oooOooo---

1.3.5 Vergelyking vir die berekening van die hoek tussen twee vlakke

Die hoek tussen die normaalvektore op twee vlakke waarvan die vergelyking bekend is, is bereken met behulp van die vergelyking.[19)]

$$\text{Cos}\theta = \pm (a_1a_2 + b_1b_2 + c_1c_2) / (a_1^2 + b_1^2 + c_1^2)^{\frac{1}{2}} \cdot (a_2^2 + b_2^2 + c_2^2)^{\frac{1}{2}} \quad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 1.17$$

Die vergelykings van die twee vlakke wat beskou is, word gegee deur

$$a_1x + b_1y + c_1z = d_1 \quad \text{en}$$

$$a_2x + b_2y + c_2z = d_2$$

---oooOooo---

1.4 AFKORTINGS

Die volgende afkortings word deurgaans gebruik.

k = reaksietempokonstante

K = ewewigskonstante


T = grade absoluut

$\Delta S^{\neq}$ = aktiveringsentropie in $JK^{-1}\ mol^{-1}$

$\Delta H^{\neq}$ = aktiveringsentalpie in $kJ\ mol^{-1}$


AA = TROP of Oxq of DBM

AsAs = Asetielasetoon



$AsPh_3$ = Trifenielarsien

DBM = Dibensoïelmetaan



dien = dietileentriamien

DMF = N,N - Dimetielformamied


Et_4dien= tetraetieldietileentriamien

Oxq = 8-hidroksikinolien

PPh_3 = trifenielfosfien

TROP = Tropoloon

TTA = 1-[tenoïel - (2´)] - 3,3,3-trifluoroasetoon



Eks = eksperimenteel

Eksp = eksponent

---oooOooo---

HOOFSTUK 2

VIERKANTIG - PLANÊRE SUBSTITUSIEREAKSIES

2.1 Inleiding

Substitusiereaksies is net so intensief bestudeer as enige ander klas van anorganise reaksies. Die algemene vergelyking vir dié reaksies kan as volg geskryf word:

$$MX_n + Y = MX_{n-1}\,y + X \quad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 2.1$$

Meganistiese ontleding van substitusiereaksies kan in twee fases verdeel word. Die eerste is die stoigïometriese meganisme wat 'n voorstelling van die elementêre stappe is waarvolgens 'n reaksie verloop. Die tweede is die ondersoek van die grootte van die reaksietempo van die afsonderlike stappe in terme van die herrangskikking van atome of bindings. Substitusiereaksies kan volgens drie moontlikhede plaasvind:

(i) 'n Assosiatiewe meganisme (A) waar die inkomende ligand in die eerste stap aan die metaalioon bind om 'n intermediêr met 'n verhoogde koördinasiegetal te vorm.

(ii) 'n Dissosiatiewe meganisme (D) waar 'n intermediêr met 'n verlaagde koördinasiegetal gevorm word.

(iii) 'n Uitruilingsmeganisme(I) waar die vertrekkende ligand vanaf die inner- na die uiterkoördinasiesfeer beweeg en omgekeerd vir die inkomende ligand.

Die drie meganismes kan as volg voorgestel word:

$$D: \quad MX_n \underset{+X}{\overset{-X}{\rightleftharpoons}} MX_{n-1} \underset{-Y}{\overset{+Y}{\rightleftharpoons}} MX_{n-1}\,Y \quad \ldots \quad 2.2$$

$$A: \quad MX_n \underset{-Y}{\overset{+Y}{\rightleftharpoons}} MX_nY \underset{+X}{\overset{-X}{\rightleftharpoons}} MX_{n-1}Y \quad .... \quad 2.3$$

$$I: \quad MX_n .... Y \longrightarrow MX_{n-1}Y...X \quad .... \quad 2.4$$

In die geval van 'n assosiatiewe proses, waar beide inkomende en vertrekkende ligande deel van die oorganstoestand vorm, het die inkomende ligand 'n groot effek op die aktiveringsenergie. By 'n dissosiatiewe proses neem die inkomende ligand egter nie deel in die oorganstoestand vir die vorming van 'n intermediêr nie.

I reaksies kan geklassifiseer word as I_a of I_d. In die geval van 'n I_a-proses is daar relatief sterk bindings met beide inkomende en vertrekkende ligande in die oorganstoestand, terwyl die inkomende ligand 'n groot rol speel in die bepaling van die energie van die reaksie. In die geval van 'n I_d-proses is beide inkomende en vertrekkende ligande relatief swak gebind in die oorgangstoestand en die inkomende ligand het 'n klein effek op die reaksietempo.


Die relatiewe energieë van die molekulêre orbitale van vierkantig-planêre komplekse is bekend. Die oorgrote meerderheid van vierkantig-planêre komplekse besit d^8 sentrale metaalione wat diamagneties is. Die p_z-valensorbitaal in vierkant-planêre metaalkomplekse is nie betrokke in σ-binding nie en dus beskikbaar vir die vorming van 'n ekstra σ-binding soos vereis vir 'n assosiatiewe meganisme. Die beskikbare p_z-valensorbitaal vir binding met die inkomende ligand om 'n vyfgekoördineerde intermediêr te vorm is 'n aanduiding dat vier-

kantig-planêre substitusiereaksies via 'n assosiatiewe meganisme verloop.

In die geval van 'n assosiatiewe reaksie

$$MX_4 + {}^{*}X \rightleftharpoons MX_3X^{*} + X$$

moet 'n grafiek van vrye energie teen reaksiekoördinaat simmetries wees. Daar is egter twee moontlike prosesse naamlik A en I_a. In die geval van 'n I_a-proses is die oorganstoestand die simmetriese trigonale bipiramidale struktuur met die hoogste energie. By die A-proses is daar 'n minimum in die kurwe wat 'n simmetriese trigonale bipiramidale intermediêr voorstel, sien figuur 2.1




Figuur 2.1 Grafiek van vrye energie teenoor reaksiekoördinaat vir die assosiatiewe reaksie $MX_4 + {}^{*}X \rightleftharpoons MX_3{}^{*}X + X$: (a) I_a- meganisme; (b) A - meganisme.

Die isolering van 'n aantal stabiele trigonale bipiramidale d^8-komplekse[20] tesame met die beskikbare getuienis vir die voorstelling van 'n intermediêr dui op 'n A-proses.

Die trigonale bipiramidale oorganstoestand voorspel ook groot transeffekte en klein cis-effekte wat in ooreenstemming met eksperimentele resultate is. Trans- en cis-effekte alleen kan egter nie genoegsame bewys lewer van 'n I_a of A proses nie.

'n Vergelyking van die effek van die inkomende en vertrekkende groepe met dié van die transeffek is in ooreenstemming met die bestaan van 'n vyfgekoördineerde intermediêr, dit wil sê met 'n A-proses.

Die assosiatiewe meganisme in vierkantig-planêre komplekse kan as volg voorgestel word:



Volgens hierdie voorstelling is die transgroep, die inkomende ligand en die vertrekkende ligand in die trigonale vlak van die vyfgekoördineerde intermediêr. Volgens elektroniese oorwegings kan die vyfgekoördineerde intermediêr óf 'n trigonale bipiramidale- of 'n vierkantig-bipiramidale geometrie hê. Op

grond van elektroniese argumente alleen kan daar nie onderskei word tussen bogenoemde twee strukture nie. Dit word egter algemeen aanvaar dat die trigonale bipiramidale geometrie die voorkeur poliëder is vir die lae spin d^8-komplekse met goeie π-akseptor ligande.

---oooOooo---

2.2 Tempovergelyking vir vierkantig-planêre substitusiereaksies

Die substitusiereaksies van d^8-metaalkomplekse vind plaas met behoud van geometriese konfigurasie en volg 'n tweeterm tempowet met die volgende vorm:

$$\text{Tempo} = \frac{-d[\text{kompleks}]}{dt} = (k_1 + k_2[Y])[\text{Kompleks}] \quad \ldots\ldots \quad 2.5$$

k_1 is 'n eerste-orde reaksietempokonstante, k_2 'n tweede-orde reaksietempokonstante. $[Y]$ stel die konsentrasie van die inkomende ligand voor. Die "k_2 term" $(k_2[Y][\text{Kompleks}])$ is in ooreenstemming met die verwagte tweede-orde tempovergelyking volgens 'n assosiatiewe meganisme, sien vergelyking 2.3. Die teenwoordigheid van 'n eerste-orde term $(k_1[\text{Kompleks}])$ mag dui op die dubbelsinnigheid van die meganisme naamlik 'n dissosiatiewe pad. Dit mag egter ook 'n assosiatiewe meganisme wees met 'n molekuul van die oplosmiddel, S, as reaktant sodat vergelyking 2.5 geskryf kan word as:

$$\text{Tempo} = (k_s[S] + k_2[Y])[\text{Kompleks}] \quad \ldots\ldots\ldots\ldots \quad 2.6$$

waar $k_1 = k_s[S]$


Die oplosmiddel speel 'n baie belangrike rol in vierkantig-planêre substitusiereaksies waar dit as nukleofiel optree en in die reaksiepad deur k_s voorgestel word. Die bydrae tot dié reaksiepad sal verhoog word met verhoging in die koördinasievermoë van die oplosmiddel.

Hierdie afhanklikheid van k_1 van die oplosmiddel is dus in ooreenstemming met 'n assosiatiewe meganisme.

In vergelyking 2.6 verwys k_2 na die bimolekulêre reaksie tus-

sen Y en die kompleks en k_s na die bimolekulêre reaksie tussen die oplosmiddel en die kompleks.

Hierdie twee gelyktydige reaksies kan skematies as volg voorgestel word:



Volgens die voorgestelde meganisme word die vormingsnelheid van $[MY]$ gegee deur

$$\frac{d[MY]}{dt} = k_y[MX][Y] + k_f[MS][Y] \qquad \ldots\ldots\ldots \quad 2.7$$

$(MY = MTC_1C_2Y\ ,\ MS = MTC_1C_2S \text{ en } MX = MTC_1C_2X)$

Die vloei-ewewigteorie kan toegepas word op $[MS]$.

$$\frac{d[MS]}{dt} = k_s'[MX][S] - k_{-s}[MS][X] - k_f[MS][Y] = 0$$

$$= k_s[MX] - k_{-s}[MS][X] - k_f[MS][Y] = 0 \qquad \ldots\ 2.8$$

waar $k_s = k_s'[S]$, aangesien S in 'n groot oormaat teenwoordig is.

Dus $$[MS] = \frac{k_s[MX]}{k_{-s}[X] + k_f[Y]} \qquad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 2.9$$

As die waarde van [MS] soos in vergelyking 2.9 in vergelyking 2,7 gestel word, word die volgende verkry.

$$\frac{d[MY]}{dt} = k_y[MX][Y] + k_f\frac{k_s[MX][Y]}{k_{-s}[X]+k_f[Y]} \quad \ldots \quad 2.10$$

$$= \frac{k_yk_{-s}[MX][Y][X] + k_yk_f[MX][Y]^2 + k_fk_s[MX][Y]}{k_{-s}[X] + k_f[Y]} \quad \ldots\ldots \quad 2.11$$

Indien $k_{-s}[X] << k_f[Y]$ vereenvoudig vergelyking 2.11 na:

$$\frac{d[MY]}{dt} = \frac{k_yk_f[MX][Y]^2 + k_fk_s[MX][Y]}{k_f[Y]} \quad \ldots\ldots \quad 2.12$$

$$\frac{d[MY]}{dt} = (k_s + k_y[Y])[MX] \quad \ldots\ldots\ldots\ldots \quad 2.13$$

Indien $[Y] >> [MX]$ volg dit dat:

$$k_{wg} = k_s + k_y[Y] \quad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad 2.14$$

Vergelyking 2.13 is nou dieselfde as die algemene empiriese vergelyking 2.5

---oooOooo---

2.3 EFFEK VAN LIGANDE IN DIE KOMPLEKS OP DIE REAKSIETEMPO

2.3.1 Transeffek


Die kinetiese transeffek in vierkantig-planêre substitusiereaksies is vir die eerste keer deur Werner[21] waargeneem. Van al die ligandeffekte het die transeffek sekerlik die grootste invloed op die reaktiwiteit van die komplekse. Die volgende voorstelling [22] gee die orde van die transeffek vir 'n aantal verskillende ligande.

$$H_2O < OH^- < Cl^- < Br^- < NCS^- \simeq I^- \simeq NO_2^- \simeq R^- < H^-$$
$$\simeq SO_3H^- \simeq R_2S \simeq PR_3 < NO \simeq CO \simeq C_2H_4 \simeq CN^-$$

2.3.1.1 Polarisasieteorie

Die basis van die teorie is dat die groot transeffek van 'n ligand T in trans - MTC_1C_2X 'n verswakking van die M - X binding tot gevolg het. Die teorie is oorspronklik deur Grindberg [23] opgestel en berus op die polariseerbaarheid van T wat 'n effek op die ladingsdistribusie het.

Dit kan as volg voorgestel word:




Die lading van die sentrale metaalioon induseer 'n dipool op T wat op sy beurt 'n dipool op die metaal induseer. Die oriëntasie van die tweede dipool is sodanig dat dit enige negatiewe lading van groep X afstoot. Die aantrekking tussen X en die M^+-ioon word dus verminder sodat die M-X binding langer en swakker word. Die sukses van die teorie is dat dit die verband tussen die grootte van die transeffek van T (dus die reaktiwiteit van die kompleks) en die polariseerbaarheid van T aandui byvoorbeeld $I^- > Br^- > Cl^-$.

Volgens hierdie teorie sal die transeffek ook groter wees, hoe meer polariseerbaar die sentrale metaalatoom is. Dit is in ooreenstemming met eksperimentele resultate naamlik dat die reaktiwiteit van Pt(II)-komplekse groter is (weens die relatiewe polariseerbaarheid van die trans-ligande) as in die geval van Pd(II)- en Pt(IV)- komplekse.[24)]

2.3.1.2 σ- Transeffek

Van die vier metaal-valensorbitale wat betrokke is by die σ-binding in vierkantig-planêre komplekse het slegs die p-orbitale transgerigde eienskappe. Dus moet die transligand in die vertrekkende groep dieselfde p_x-orbitaal deel. Die transgroep moet sterker σ-interaksie met die p_x-orbitaal het tot gevolg dat die binding met die vertrekkende groep relatief swakker is in die grondtoestand. Die dryfkrag is om meer p-orbitaal aan die transgroep te verskaf deurdat die vertrekkende groep uit die omgewing van sterk oorvleueling beweeg. Die beskikbare p_z-orbitaal word gebruik om beide die inkomende

en vertrekkende groepe aan die sentrale metaalatoom in die vyfgekoördineerde oorgangstoestand te bind. Omdat beide die inkomende en vertrekkende groepe die beskikbare p_z-orbitaal deel besit die transgroep meer as die helfte van die p_x-orbitaal in die oorgangstoestand. Die verskil in die energieë van die grond- en oorgangstoestand moet dus klein wees vir goeie σ-metaal donorligande. Hierdie bespreking kan skematies as volg voorgestel word:



Bogenoemde bespreking impliseer nie dat die binding tussen die metaalioon en die transgroep noodwendig sterker in die oorgangstoestand as in die grondtoestand moet wees nie. Beide die vertrekkende- en transgroep-binding mag swakker in die oorgangstoestand wees as gevolg van die teenwoordigheid van die inkomende groep.

2.3.1.3 π- Transeffek

In 'n vierkantig-planêre kompleks is daar drie d-orbitale met geskikte simmetrie vir π- interaksie, naamlik die d_{xy}-, d_{xz}- en d_{yz}-orbitale. Slegs die d_{xz}- en d_{yz}-orbitale kan met beide lede van 'n paar transgerigde ligande π-bindings vorm.

Tydens die vorming van die trigonale bipiramidale oorgangstoestand besit die d_{yz}-, d_{xz}-, d_{xy}- en $d_{x^2-y^2}$-orbitale die regte simmetrie vir π-interaksie. Al hierdie orbitale word gedeel in π-interaksie met die ligande in die trigonale vlak, dit is die trans-, inkomende- en vertrekkende ligande. In die d^8-komplekse is al die genoemde d-orbitale gevul. Die trigonale bipiramidale oorgangstoestand sal dus gestabiliseer word indien die transgroep leë redelike stabiele π-simmetrie orbitale besit, omdat 'n interaksie van leë ligand π-orbitale met die gevulde d-metaalorbitale elektroniese lading na die transligand delokaliseer en sodoende die energie van die sisteem verlaag. Die effek van 'n goeie π-akseptor transgroep is dus om die algehele aktiveringsenergie te verlaag. Die twee cis-ligande wat die aksiale posisies in die trigonale bipiramied beset, neem deel aan π-binding met slegs twee van die vier orbitale. Die cis-ligande kan dus nie tot dieselfde mate as die transligande die aktiveringsenergie verlaag deur metaal $\longrightarrow$ ligand π-bindings nie.

In teenstelling met die groot invloed van die groepe trans tot die vertrekkende groep op die reaktiwiteit van die kompleks, het die cis-groepe 'n baie klein effek. Die cis-effek volg ook nie 'n definitiewe patroon soos in die geval van die transeffekte nie.

2.3.2 Steriese effekte

Die eerste duidelike eksperimentele bewyse vir 'n assosiatiewe aktivering in vierkantig-planêre substitusiereaksies was waar

groot verskille in reaksiesnelhede verkry is deur die blokkering van die aanval posisies van die inkomende ligande bo en onder die vlak.[25] Cis-blokkering is meer effektief as trans-blokkering wat 'n direkte bewys is dat die oorgangstoestand 'n trigonale bipiramidale geometrie besit. 'n Voorbeeld hiervan is die verskil in reaksietempo van die substitusiereaksies van $Pt(dien)Cl^+$[26] en $Pt(Et_4dien)Cl^+$[27] in 'n waterige medium. Substitusiereaksies van laasgenoemde kompleks is baie stadiger as dié van eersgenoemde. By laasgenoemde kompleks blokkeer die vier etielgroepe die toegang tot die sentrale metaalatoom bo en onder die vlak. Hierdie groot steriese effekte (wat ook by ander reaksies waargeneem is[28]) is 'n direkte getuienis vir 'n assosiatiewe meganisme.

---oooOooo---


HOOFSTUK 3

DIE BEREIDING VAN RODIUM(I)-KOMPLEKSE

3,1 Inleiding

Enoliseerbare β-diketone reageer met baie metaalkarboniele met die verlies van koolstofmonoksied en op die manier is verskeie β-diketoonkomplekse van yster(III) [29], chroom(III) en molibdeen(III) [30] berei.

Bonati en Wilkinson[2] het vir die eerste keer monomeriese β-diketoonkomplekse van rodium (bv. $[Rh(asas)(CO)_2]$) berei deur die reaksie van tetrakarboniel-μμ'-dichlorodirodium(I) met verskeie β-diketone in die teenwoordigheid van baruimkarbonaat. Die tipe reaksies vind dus nie plaas deur die verlies van koolstofmonoksied nie. Die reaksie kan as volg voorgestel word.



'n Nadeel van bogenoemde sintese was dat die verbinding tetrakarboniel -μμ'-dichlorodirodium(I) geïsoleer moes word.

'n Ander bereidingsmetode is in 1965 deur Rusina en Vlček[31] voorgestel waar $RhCl_3 . 3H_2O$ in die teenwoordigheid van DMF verhit word. In oplossing is die vorm waarin rodium voorkom nie presies bekend nie, maar dit word aanvaar dat rodium in die vorm van die planêre cis-dikarbonielrodium(I) - kompleks [32,33] is. So 'n oplossing bied 'n gerieflike uitgangstof vir die sintese van 'n groot aantal verskillende rodium(I) - komplekse.

---oooOooo---

3.2 DIE BEREIDING VAN $[Rh(TROP)(CO)_2]$ EN $[Rh(DBM)(CO)_2]$

Presies een gram $RhCl_3.3H_2O$ is in ongeveer 30 cm^3 DMF opgelos en onder terugvloei verhit. Die kleur van die oplossing het oor 'n tydperk van ongeveer 30 minute van rooibruin na liggeel verander. Na afkoeling is 'n effense oormaat van die betrokke cheleringsreagens by die oplossing gevoeg. Die oplossing is goed geskud en 100 cm^3 water is stadig by die oplossing gevoeg om sodoende die gevormde produk $[Rh(AA)(CO)_2]$ te prisipiteer. Die prisipitaat is afgesentrifugeer en uit metanol herkristalliseer. Die opbrengs was 50 - 80% vir die verskillende komplekse.

Die infrarooispektra van hierdie verbindings was identies aan dié van die verbindings berei deur Bonati en Wilkinson[2].

---oooOooo---

3.3 DIE BEREIDING VAN $[Rh(Oxq)(CO)_2]$

Dieselfde prosedure as in paragraaf 3.2 is gevolg behalwe dat 0,65 g Na(Oxq) by die DMF-oplossing gevoeg is. Die gevormde produk is met ys gepresipiteer, afgesentrifugeer, gewas met water, etanol en eter en uit chloroform herkristalliseer. Die opbrengs was 62,5%.

---oooOooo---

3.4 DIE BEREIDING VAN [Rh(TROP)(CO)(AsPh$_3$)]

Ekwimolekulêre hoeveelhede van die [Rh(TROP)(CO)$_2$] en AsPh$_3$ is in die minimum hoeveelheid asetoon opgelos en toegelaat om uit te kristalliseer. Die gevormde produk is uit asetoon herkristalliseer. Die opbrengs was 67%.

Die verbinding [Rh(TROP)(CO)(AsPh$_3$)] wat op presies dieselfde manier berei is, is geïdentifiseer deur middel van 'n kristalstruktuur bepaling (sien hoofstuk 6). Met behulp van X-straal poeierfoto's is gevind dat die verbindings [Rh(TROP)(CO)(PPh$_3$)] en [Rh(TROP)(CO)(AsPh$_3$)] isomorf en dus dieselfde kristal- en molekulêre struktuur het.

---oooOooo---

HOOFSTUK 4

DIE KINETIKA VAN DIE REAKSIES VAN $AsPh_3$ met $[Rh(TROP)(CO)_2]$, $[Rh(Oxq)(CO)_2]$ en $[Rh(DBM)(CO)_2]$.

4.1 Eksperimenteel

Die rodium(I)-komplekse wat in hierdie ondersoek gebruik is, is berei soos beskryf in hoofstuk 3 en uit metanol herkristalliseer. Al die reaksies is in analities rein metanol uitgevoer.

Die reaksietempokonstantes is bepaal deur die vormingstempo van $[Rh(AA)(CO)(AsPh_3)]$ (AA = tropoloon, Oxq of DBM), met behulp van 'n Durrum Stop-vloeispektrofotometer waar te neem, sien paragraaf 1.2.6. Die reaksies is by verskillende golflengtes (waar die verskil in absorpsie van die uitgangstof en die produk die grootste is en nie noodwendig by λ_{maks} van die uitganstof nie) gevolg. Die golflengtes waarby die reaksie gevolg is tesame met λ_{maks} van die uitgangstowwe en produkte word in tabel 4.1 getabelleer.

'n Voorbeeld van die absorpsiespektra van $[Rh(TROP)(CO)_2]$ en $[Rh(TROP)(CO)(AsPh_3)]$ word in figuur 4.1 aangetoon.

Die konsentrasie van die trifenielarsien is vir al die reaksies in 'n groot oormaat met betrekking tot die konsentrasie van die rodiumkompleks geneem om sodoende pseudo-eerste-orde kondisies te verkry.

---oooOooo---

4.2 RESULTATE EN BESPREKING

Kinetiese metings is uitgevoer deur die konsentrasie van die rodiumkomplekse en van die $AsPh_3$ by verskillende temperature te wissel. Voorlopige werk het getoon dat die waargenome tempokonstantes afhanklik is van die $[Rh(AA)(CO)_2]$-konsentrasie. Om hierdie rede was dit dus noodsaaklik om die effek van die konsentrasie van die rodiumkompleks op die reaksietempo te bepaal om sodoende die eksperimentele tempowet te bepaal. Die $[AsPh_3]$ was vir al die reaksies in 'n groot oormaat teenwoordig om sodoende pseudo-eerste-orde kondisies te verseker. Die eksperimentele resultate word in tabelle 4.2, 4.3 en 4.4 aangegee.

Deur die wisseling van die konsentrasie van die rodiumkompleks is bevind dat die reaksie nie volkome eerste-orde met betrekking tot die rodiumkomplekskonsentrasie is nie, (sien tabelle 4.2, 4.3 en 4.4), alhoewel grafieke van $\log(V_\infty - V_t)$ teen tyd lineêr is. Soortgelyke resultate is verkry deur Robb en Nicholson[34] vir die reaksie tussen bis(siklookta - 1,5-dieen) - μμ′-dichlorodirodium(I) en 2,2′-bipiridiel. Uit die resultate in tabelle 4.2, 4.3 en 4.4 is dit duidelik dat die reaksie neig na tweede-orde met betrekking tot die konsentrasie van die rodiumkompleks. Omdat die reaksie egter nie heeltemal tweede-orde met betrekking tot die [rodiumkompleks] is nie, is dit duidelik (soos ook aangetoon sal word) dat daar twee gelyktydige reaksies plaasvind. Die een is eerste-orde met betrekking tot die konsentrasie van die rodiumkompleks en die ander een tweede-orde met betrekking tot die [rodiumkompleks]. Die eerste een integreer dus na

$\frac{\ln [Rh(AA)(CO)_2]_o}{[Rh(AA)(CO)_2]_t}$ = $k^1 t$ en die ander na

$\frac{1}{[Rh(AA)(CO)_2]}$ = $k^{11} t$. In die praktyk kan

$\frac{\ln [Rh(AA)(CO)_2]_o}{[Rh(AA)(CO)_2]_t}$ = $k^{111} [Rh(AA)(CO)_2]t$ in plaas

van laasgenoemde vergelyking gebruik word. Dit verklaar dus die waargenome lineêre verband tussen log $(V_\infty - V_t)$ en tyd.

